

**22 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:14-21**  
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:20**

### **Pasop vir onheilige gemeenskap**

In hierdie gedeelte word die Nagmaal teenoor die kultiese maaltye in die tempels van die afgode gestel. Dit is duidelik dat 'n afgod vir 'n gelowige "niks" is. Al is 'n afgod niks, is die deelneem aan die offermaaltyd in 'n heidense tempel nie so onskuldig nie. 'n Afgod is niks, maar agter die afgod skuil demoniese magte, die duiwel self.

Wie dus aan die afgodediens meedoen, is in werklikheid besig om die duiwel te dien. Die verskillende afgode is niks anders nie as 'n verskeidenheid van demone, bose geeste of duiwels. Afgodediens is dus duiwelsdiens. Om aan te sluit by die woorde van Paulus: "Ek wil nie hê julle moet met 'bose geeste' gemeenskap hou nie", moet onthou word: soos die nagmaal die deelnemer aan die liggaam van Christus verbind, en die Joodse offermaal die deelnemer in gemeenskap met die altaar (God) verbind, so verbind die heidense afgodsoffermaaltye die deelnemer in gemeenskap met die duiwel. Daarom kan iemand nie tegelyke tyd die beker van die Here en die beker van die duiwel drink nie.

Wat het afgodery met ons moderne mense te doen? Afgodery behels meer as die verering van afgode van hout, klip of goud. Dit is die gee van die eerste plek in jou lewe aan iets anders naas God. Dit beteken om iets ander meer lief te hê as vir God – soos ons geld, ons besittings, ons familie, ons werk, ons posisie. Enigiets wat ons liewer het as vir God, is 'n afgod.

Breek daarmee. Begin nuut deur biddend, Geesvervuld nader aan die Here in gehoorsaamheid te leef.

*Sing: Psalm 23:2*

*Ds. S (Simon) Hibbert (Koster)*